

ds. PJ Kriel

15.05.2016

Inhoud. Vergifnis as magspel van geestelikes word uitgewys teenoor vergifnis uit geloof en liefde met die voorbeeld van die verskil tussen die manier waarop Josef sy broers vergewe het en die manier waarop hulle hom omvergifnis gevra het. Dit is die verskil tussen die versoening wat die NG Kerk as magspel in sy vergaderinge bedryf en versoening in die Woord van God.

Skriflesing: Handeling 2: 32 – 39. Genesis 45: 1-16; 50: 15-21.

Teks Genesis 50: 19 ¹⁹Maar Josef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. ²⁰Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen. Hy het gesorg dat ’n groot volk nou in die lewe gebly het. ²¹Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.”

Tema: Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe!

1. Twee soorte vergifnis van sonde!

Die wyse waarop Josef se broers in vergifnis glo en soek! Die manier waarop Josef sy broers vergewe het! Die broers se manier van vergifnis is vergifnis as magspel. Josef se manier is vergifnis uit geloof en liefde.

Dit is die teenstelling wat die geskiedenis van Josef en sy broers mee afsluit in die boek Genesis. In hierdie teenstelling van hoe hulle vergifnis gesoek het en hoe Josef vergifnis gee, openbaar die Bybel die inhoud en werking van werklike vergifnis teenoor valse vergifnis. Vergifnis wat nie vergifnis is nie maar die magspel van boetediening teenoor vergifnis wat vergifnis is.

Die manier waarop Josef se broers vergifnis soek, is die magspel van boetedoening vir sonde! Die manier waarop Josef vergifnis gee is om sy roeping waarvoor die Here hom gekies en gebruik het teenoor hulle te vervul en hulle lief te hê...

Hulle wil Josef se slawe wees. Josef wil ’n broer vir sy broers en ’n seun vir sy pa wees.

2. Kom ons kyk eers na die wyse waarop Josef sy broers vergewe in hulle herontmoeting

U moet altyd hoofstuk 45 en 50 van Genesis saam lees. Toe sy broers ontdek het dat Josef nie soos wat hulle bedoel en gedink het hy as slaaf dood in Egipte is nie, maar die tweede magtigste man in die bekende wêreld is, het hulle om nie om vergifnis vir die kwaad wat hulle hom aangedoen het, gevra nie!

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

Na hierdie ontmoeting het daar baie jare verloop. Jare waarin Josef se hele familie met al hul vee na Egipte toe gekom het en in die Gosenstreek gaan bly het.

Dit is eers na hul pa se dood dat Josef se broers Josef om vergifnis kom vra vir die kwaad wat hulle hom aangedoen het.

Die rede hoekom hulle nou vergifnis soek, is hul wantroue in Josef se liefde en die vrees vir die mag waarmee hy wraak kan neem!

3. Maar Josef het hulle reeds jare van tevore in hulle herontmoeting vergewe!

Josef het in sy herontmoeting met sy broers al sy geloof in God se beskikende voorsienigheid bely. Daarmee ontken Josef nie die berekende kwaadwilligheid van sy broers nie. Hy stel dit ook so: “Julle het my verkoop en ek is Egipte toe gebring.” Die waarheid van hoe en wat hulle gedoen het, ontken Josef nie.

Josef maak die geweldige ingrypende onderskeid tussen “Julle wat my verkoop as slaaf na Egipte”, maar God het my na Egipte “” gestuur.” Daarom verklaar hy: “Dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God.” Julle verkoop my in kwaadwilligheid, maar God stuur my na my bestemming deur julle kwaad te gebruik om goed te doen.

Josef glo nie in hul sondemag nie. Josef glo nie dat hulle ooit die bedoeling en beskikking van sy lewe in hulle mag gehad het nie. Hy glo dat God die bedoeling van sy lewe vervul het deur sy broers se kwaad te gebruik in wat God wou bewerk deur Josef!

Die berekende kwaad en die lyding deur hulle kwaad word nie ontken nie, maar Josef glo nie dat hulle teenoor hom moet skuldig en strafbaar staan nie.

4. Die woorde waarin en waarmee Josef sy broers vergewe klink so: “Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees dat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uitgestuur om lewens te red!”

Josef se vergifnis is dat hy nie wil hê dat sy broers moet sleg voel oor die onreg en kwaad wat hulle hom aangedoen het nie.

Dit skree teen alle opvattinge in hierdie wêreld oor vergifnis en bekering! In ons menslike gemoed moet jy eers wys hoe sleg jy voel voor jy iemand kan vergewe, want jy kan nie iemand vergewe voor hy nie regtig sleg voel nie! En dan verwar ons dit ook nog asof dit berou oor sonde is.

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

Sleg voel beteken om self innerlik ontsteld te wees en te wroeg oor wat jy gedoen het. Hierdie wroeging en ontsteltenis oor jousef en jou kwaadwilligheid is by ons 'n eis voor ons wil vergewe!

Josef se vergifnis is vertroosting dat hulle nie innerlik ontsteld moet wees oor hul kwaad of moet innerlik wroeg oor hul onreg nie! Hy eis dit nie ontsteltenis nie. Hy ontsê en spaar hulle dit!

5. Josef se vergifnis is dat hy nie wil hê dat hulle moet bang wees vir hom oor wat hulle hom aangedoen het nie.

Daarmee ontken Josef dat hul onreg en kwaad hom as Josef teenoor hulle bemagtig het. Hulle onreg en kwaad het hulle nie uitgelewer aan sy mag nie! Dit het hulle ook nie teenoor hom ontmagtig nie. Josef erken nie dit wat vandag in die gemeenskap “die morele hoë grond” genoem word tussen bemagtigdes en ontmagtigdes nie.

Daarom troos hy hulle en stel dat hy ook nie die mag wat hy as onderkoning van Egipte gekry het teen hulle sal gebruik asof hy deur hulle kwaad en onreg daartoe die reg tot straf verkry het nie.

Hiermee verklaar Josef dat hy nie die reg of die mag het om sy broers vir hulle sonde te straf nie.

6. Josef se vergifnis is om hulle van 'n beslisde hongerdood te red deur die Egiptiese weivelde in die Nyldelta vir hulle en hulle vee as blyplek te gee en vir hulle koring uit Egiptiese graansuiers te gee.

Josef se vergifnis is nie magsvertoon nie maar diensbaarheid!

Dit doen hy met die innerlike blydskap dat die Here hom die voorreg gegee het om sy pa en broers weer te mag sien en help. Hulle wat hom deur hulle selfsug en kwaadwilligheid laat ly het. Hulle wat sy pa van hom vervreem het. Hulle wat hom van sy eie mense vervreem het.

Josef se vergifnis is om God se raadsplan uit te voer met sy lewe: om kos te voorsien aan die volk van die Here uit die graanstore van mense wat afgode aanbid; om weiding en verblyf te gee aan sy pa en broers in 'n land waar hierdie donkie-nomades geminag was en op geen ander manier ooit die land binne sou gekom het nie.

Josef se vergifnis is om kos en blyplek te gee sodat hulle vry kan leef in die belofte van Egipte se beskerming en oorvloed! Sy vergifnis is om vir hulle te sê: “Ek sal vir Pa onderhou en vir julle en julle kinders sorg.”

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

7. Die bedoeling van die manier waarop Josef hulle vergewe wys in die manier waarop Josef huil. Hy huil bly! Hy huil in blydschap!

Eers staan hy by sy broer Benjamin en huil op sy skouer, dan soen hy sy broers en staan en huil daar by hulle.

Hy staan daar by hulle en huil oor die geleentheid dat hy weer 'n pa en familie het om lief te hê. Daarom moet u die sin wat twee maal herhaal in Genesis 45 goed raaksien: "Kom na my toe!"

Kom na my toe dat ek weer julle broer kan wees. Vir sy pa laat hy weet: Kom na my toe dat ek weer pa se seun kan wees vir pa kan sorg. Josef se vergifnis is om hulle lief te hê te! Om weer vir hulle 'n broer te wees en weer vir sy pa 'n kind te mag wees.

Vergifnis is om die geleentheid tot liefde wat God gee, as gawe van God op te neem in die geloof dat daar geen kwaad is wat vergeld moet word in die kwaad wat aangedoen is nie.

Daarom huil Josef in die blydschap dat God ook hierdie gawe van 'n familie vir hom weer terug gegee het.

So werk vergifnis uit geloof en liefde. Dit is vergifnis wat net vergifnis is.

8. Na Jakob, hulle pa, se dood kom Josef se broers en vra hom op hulle manier vergifnis! Hulle maak nou van vergifnis die magspel van hierdie wêreld.

Hulle vra vergifnis uit die ontsteltenis oor wat Josef met hulle gaan doen omdat hul pa nie meer leef nie. Nou is dit net hulle en Josef!

Hulle vra vergifnis uit die vrees oor hoe Josef nou sy mag gaan gebruik om hulle kwaad aan te doen, soos hulle hom kwaad aan gedoen het. Hulle soek vergifnis as kwytskelding van vergelding.

Hoe doen hulle dit?

- Hulle val op hul knieë voor hom om hul onsteltenis en innerlike wroeging oor wat hulle aan hom gedoen het, te wys!
- Hulle val op hul knieë om te wys hoe onmagtig hulle in hul skuld is vir hul sonde is.
- En dan vra hulle vergifnis so: "Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader."

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

Hulle beroep hul op hul pa se God! Vergifnis as magspel in die Naam van God!
“Omdat ons God aanbid en God dien, moet jy ons as jou slawe aanvaar!” Dit is hoe hulle om vergifnis vra:

- Ons aanvaar ons is skuldig vir die misdaad en moet gestraf word.
- Ons is ontsteld en wys ons ontsteltenis.
- Ons is bang vir vergelding en weet ons verdien hierdie straf.
- Ons aanvaar dat God jou teenoor ons bemagtig het en
- Ons vergoed vir ons eiemagtigheid deur onself aan jou mag te onderwerp.

Wat is hierdie appèl op die God van jou pa, ons pa, as rede vir vergifnis?

In ons taal beteken dit: “Vergeef ons in die Naam van God!” Ons God! Hulle appèl sal vandag amper iets wees soos: “Vergeef ons want ons het ons saak met God reggemaak.

En dit wat hulle dan in die god van hulle vader doen is die wys waarop hulle glo God vergewe!

9. Die werklike diepte van die verskil tussen hoe Josef vergewe uit geloof en liefde en hoe hulle om vergifnis vra as magspel, wys in hierdie twee verklarings oor God.

Hulle verklaring oor God klink so: “Vergeef ons die misdaad. Ons dien ook die God van u vader” teenoor Josef se verklaring: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie.”

Met Josef se verklaring verwerp hy hulle versoek om vergifnis soos wat hulle vergifnis vra. Hy het hulle al met hul eerste ontmoeting werklik vergeef! In hulle gemoed kon hulle dit nie as vergifnis glo, sien of aanvaar nie.

In hulle tipe vergifnis glo hulle die misdaad en onreg wat hulle gepleeg het, was hulle eie magsdaad gewees. Hulle glo nog steeds dat hulle Josef in hulle mag gehad het. Hulle glo hulle het die mag gehad om sy lewe se bedoeling en uitkoms te bepaal.

Hulle glo in die mag van die kwaad wat hulle hom wou aandoen. Hulle glo in die mag waardeur hulle lyding oor hom wou bring. Hulle glo in die mag dat hulle met hul sonde sy lot bepaal het.

Hulle het hom 'n slaaf gemaak! Dit is wat hulle glo en sien!

10. Daarom sê Josef weer vir hulle wat hy die eerste keer vir hulle gesê het, maar hulle nie geglo het nie. Wanneer Josef hulle versoek om vergifnis verwerp, dan sê hy: “Ek is nie God nie”, en in hierdie verklaring beteken dit dan ook: “” En ek weet en glo dat julle ook nie God was nie!”.

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

“Ek was nooit aan julle mag uitgelewer sodat julle kwaad my lewenslot bepaal het nie.” “Daarom kan ek ook geen mag aanvaar asof ek julle nou slawe moet maak nie.” “Ek het ook nie die mag om julle lewenslot in my hande te neem en te hou nie.” “Nie ek of julle is God nie!”

Dit is die geloof in God waarin Josef sy broers vergewe het!

Julle wou my waad aandoen, maar God het julle kwaad ontmagtig. Hy het dit net 'n manier gemaak waarop Hy my bestem het om die koning te wees wat aan 'n volk wat gaan sterf, kos en blyplek te gee, 'n volk wat God belof het om hulle altyd te bewaar en te versorg!

“As julle my nooit in julle mag gehad het soos julle geglo en gedoen het nie, hoe kan ek nou in presies dieselfde bygeloof optree asof ek julle in my mag het?”

11. Dit is die hart van vergifnis wat net vergifnis is en nie 'n magspel van hierdie wêreld is nie!

- Niemand is in niemand se mag nie.
- Niemand moet die straf van God uitdeel nie!
- Niemand moet die straf van God ontvang nie!
- Niemand staan voor niemand skuldig nie!
- Daarom is niemand vir niemand bang nie.
- Niemand moet eers ontsteld wees en wroeg oor sy sonde nie.
- Niemand is niemand se slaaf nie!

Vergifnis gebeur waar mense in hierdie geloof in God se voorsienigheid waarin Hy deur alle kwaad heen my lewe bepaal, my lewe beskik en my lewe se bedoeling vervul – my teenoor my naaste diensbaar maak!

Ek sal vir julle en julle kinders kos gee! Julle is nie aan my mag onderworpe nie!

Josef huil twee maal in die boek Genesis! Die eerste keer huil hy bly. Die tweede keer huil hy treurig en hartseer!

Hartseer omdat hy in die vreugde leef dat hy weer broers het, maar hulle wil nie broers wees nie. Hulle wil sy slawe wees. Slawe het hy genoeg. Hy is die onderkoning van Egipte. Hy kan enige tyd soveel ekstra slawe kry net soos hy wil.

Maar net sy broers kan sy broers wees, en hulle glo nie in sy liefde nie. Hulle vergifnis vra is om slawe te wil wees vir iemand wat broers nodig het. en wil hê.

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

12. Die gawe van die Heilige Gees met Pinkster is die gawe van Jesus Christus wat vir sonde gesterf het en uit die dood uit opgestaan het.

Daarom verklaar Petrus met Pinkster: Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is van die Vader ontvang en uitgestort! Die gawe van hierdie Gees is die gawe van vergifnis van sonde!

Vergifnis op watter wyse?

Hoe klink hierdie tipe manier om vergifnis te vra vir u? Soos vergifnis as net nog 'n magspel van hierdie wêreld tussen heersers en slawe of vergifnis wat regtig net vergifnis is?

Jy moet na God toe gaan en erken jy is sondig en verlore vir God!

Jy moet diep ontsteld wees oor wat jy gedoen het en in jou gewete wroeg oor wat jy gedoen het.

Jy moet hierdie onsteltenis kan wys en hierdie wroeging moet duidelik wees in jou lewe, anders vra jy nie regtig nie.

Jy moet dan die beheer van jou lewe opgee en oorgee aan God!

Jy mag nie meer in beheer van jou lewe wees nie!

Jy moet jou hart en lewe vir God gee sodat God op die troon van jou lewe en hart sit!

Wat is dit anders as die manier waarop Josef se broers om vergifnis vra? Vergifnis as magspel!

Die ontsteltenis en vrees van: "En wat as Hy as Here ons nou gaan kwaad aandoen vir die kwaad wat ons Hom aangedoen het?"

Die val op die knieë met die oorgawe: ons is U slawe, ons het geen eie wil, eie lewe, eie hart, eie beheer oor ons self nie. Ons is U slawe! Neem u die beheer van ons lewe oor! Ons het nie meer 'n eie wil of eie lewe nie!

Josef het hierdie manier van vergifnis vra, verwerp omdat daar nie so God is wat so vergeef nie! Oor die manier wat hulle vergifnis vra het Josef hartseer gehuil.

Hoe kan dit nou die vergifnis van die Heilige Gees van Pinkster wees. Hoe kan dit die Gees wees wat Jesus wat vir ons sonde gesterf het en alle sondestraf vir altyd weggevat het?

13. Meer nog, hoe kan ons sê dat dit die gawe van die Heilige Gees is, wat vir ons wys dat ons só om vergifnis moet vra en só moet vergifnis gee!

Julle moet eers die ontsteltenis beleef en innerlik wroeg oor wat julle regtig gedoen het!

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

En ons sal al die diep verhare van ons pyn, ons verliese, ons ontbering en innerlike vertwyfeling vertel en julle sal eers daarna luister! Eers as julle werklik in hierdie ontsteltenis ontwig is en ons kan dit sien, kan ons julle vergewe!

En ons sal hierdie verhare waarin ons julle ontstel ons “getuienisse” noem! In God se Naam!

Julle sal eers die diep vrees beleef van wat ons julle nou kan en wil aandoen en wanner ons julle vrees sien, dan eers sal ons julle kan vergewe!

Wanneer julle dan die beheer van julle lewe opgee, julle jul selfbeskikking opgee, jul selfhandhawing opgee, weerloos en onmagtig is – dan sal ons vergewe.

Dan is vergifnis mos: “Ek is die heerser! “Ek is deur julle sonde oor julle bemagtig!” “Julle is my slawe!” God se slawe! Mense se slawe! ’n Magtige God se slawe! Magtige mense se slawe!

Dit, terwyl ons mekaar kon lief gehad het. Dit, terwyl ons broers nodig het en mekaar se broers kon wees!

Hoe kan die vergifnis wat Josef verwerp het met die verontwaardiging dat hy dit nie kan doen nie, want dan is hy God; die vergifnis waar mense heersers en slawe is en nie meer broers nie, die gawe van vergifnis tussen Christene wees?

14. Die Heilige Gees is die Gees wat Christus ontvang en uitgestort het!

Christus wat self die offer vir alle sonde was deur sy dood!
Christus wat self die vloek van alle sonde aan die kruis op hom alleen geneem het.
Christus wat self die oordeel en aanklag van alles sonde in sy lyding!
Christus wat self die haat van God vir alle sonde in Homself opgeneem het in sy godverlatenheid aan die kruis!

Hierdie Christus ontvang en stort die Heilige Gees uit!

Die Gees wat Hy uitstort is die Gees wat alle straf, offers, vervloeking, oordeel, aanklagte en God verlatenheid uit die lewe van hulle oor wie Hy uitgestort word vir altyd wegneem!

Die Gees wat hierdie Christus uitstort is die Gees wat ons vir altyd in die liefde, goedheid barmhartigheid en lankmoedigheid van God as ons Vader en Here insluit!

Dit is die Gees van vergifnis – die Gees wat alle straf verwyder en ons met God se volle liefde vul!

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

Dit is die Gees wat ons in hierdie wêreld so vashou dat Hy alle kwaad wat mense ons aandoen, gebruik om goed te doen aan ons en ons naaste!

15. Die Pinkstergees is die Gees wat ons in die liefde van God laat leef soos Josef en ons mekaar laat vergewe soos Josef sy broers vergewe het!

Omdat God ons nie straf nie maar sy volle liefde oor ons uitstort, vergewe ons ook soos God ons vergewe!

Ons wil nie mense ontsteld laat wees deur ons verhale van die pyn en lyding wat ons glo hulle oor ons gebring het nie. Ons glo God stuur en bring ons na sy bestemming ook deur die kwaad wat ander ons aandoen!

Ons wil nie mense bang laat wees oor die verhouding heerser en slaaf waarin hul sonde hulle ons stel nie: ons glo nie in hierdie bemagtiging van sonde nie. Ons is nie God nie. Hulle is nie God nie. Hulle wat ons kwaad aandoen is ook nie God omdat hulle sonde doen nie. Sonde of vergifnis bemagtig ons nie om soos God te wees nie!

Ons soek nie slawe nie! Ons het broers en susters in die geloof en in liefde nodig.

Ons vergifnis is om weer die geleentheid om mekaar sonder skuld of oordeel te kan lief hê op te neem as 'n wonderlike gawe wat God weer vir ons gegun het.

Ons vergifnis is om vir mekaar te sorg! Kom ons werk saam sodat ons vir ons kinders kos en vir ons ouers blyplek kan gee!

Dit is die vergifnis van die Heilige Gees! Die Gees wat Christus oor ons uitgestort het in oorfloed!

15. Wat is ons probleem in hierdie land?

Is dit waar dat ons groot probleem in hierdie land sou wees dat mense onvergewensgesind sou wees?

Dit is net nie die probleem nie. Elke geestelike, elke kerk, elke Christen is die hele tyd besig om te preek en te hoor van vergifnis en besig te wees met vergifnis.

Die werklike probleem gaan oor met watter soort vergifnis is ons in die kerke en in hierdie land besig. Vergifnis as deel van die magspel wat elke dag tussen mense gespeel word of vergifnis wat net vergifnis is? Vergifnis as mag uit onsteltenis en vrees of vergifnis uit geloof en liefde!

Die gees van die wêreld soek nie vergifnis nie. Dit soek in en deur die skynbeeld van vergifnis na niks anders nie as mag nie! Geestelike mag deur vergifnis! Politieke en

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

sosiale mag deur vergifnis! Mag in die huwelik en gesin, mag van man en vrou oor mekaar as vergifnis! Mag van ouers en kinders oor mekaar as vergifnis! Mag van arbeiders en werkgewers oor mekaar as vergifnis! Mag van burgers en die owerheid oor mekaar asof dit vergifnis is!

Die gemeenskap is altyd met die vergifnis besig van Josef se broers!

Hierdie gemeenskap soek slawe, nie broers nie en die kerk is met die gees van hierdie wêreld vervul, nie die Gees wat Jesus Christus oor sy kerk uitgestort het nie

Daarom het die bemagtigde leiers van die kerk, soos hulle hul self werklik sien en noem, weer 'n dag van sondebelydenis en vergifnis uitgeroep.

Twintig jaar na ons mekaar as medeburgers aanvaar het, nou weer! Op die paviljoen van die Orlando stadium in die aanloop tot die politieke herdenking van die Soweto onluste!

Volgens hulle moet wit Afrikaner soldate weer in die ontsteltenis van wat hulle gedoen het begelei word. In die skynheiligheid van hierdie magspel noem hulle dit “pastorale hulp”. Pastorale hulp en behandeling van Post Traumatiese stres van soldate op paviljoene voor die massas!

Ook vooraf met al die vertellinge van al die leed, hartseer, pyn en verlies wat hulle veroorsaak het om deur die swartes wat onder hulle gely het vergee te word – op die paviljoen!

Daarom moet elkeen met die vrees vervul word van wat die land en hulle sal tref as hulle dit nie doen nie – die land sal brand!

Daarom moet elkeen weer op sy knieë gaan en die beheer van sy lewe, sy hart en toekoms aan God oorgee!

16. Ons mag nie aan hierdie magspel van vergifnis deel neem nie. Hieroor moet ons net treur en hartseer wees. Ons moet dit verwerp met die geloofsbelydenis: “Ons is nie God nie”.

Ons as gelowiges oor wie die Heilige Gees uitgestort is, was nog die hele tyd met vergifnis wat net vergifnis is besig: ons sal sorg dat julle en julle kinders kos het. Dit is mos wat ons doen in hierdie land om deur al ons ontberinge, onderdrukking en verliese heen nog steeds leef met die fokus en toewyding: ons sal kos produseer!

Ook in hierdie droogte!

Christus het die Heilige Gees van vergifnis oor ons uitgestort. So kan ons mekaar ook nou vergewe

Ons vergifnis is nie minderwaardig teenoor vergifnis wat hierdie magspel is nie.

Ons wil geen verhale vertel van die onsteltenis van ons eie lyding nie. Ons wil ander s'n ook nie aanhoor nie. Ons wil mekaar in die gawe van die Gees vertroos: moet nie ontsteld wees nie!

Ons wil mekaar nie bang maak oor wat ons of ander met die land gaan doen nie.
Ons wil mekaar vertroos: moenie bang wees nie!

Ons wil ons nie voor enige mag buig omdat ons sonde gedoen het nie en ook nie hê dat enige iemand wat teen ons gesondig het, voor ons mag moet buig nie

Ons is niemand se slawe omdat ons sonde gedoen het nie en wil niemand as slawe hê wat teen ons gesondig het nie. Ons is niemand se heersers wat teen ons gesondig het nie en wil niemand as heersers hê omdat ons teen hulle gesondig het nie.

Ons wil die geleentheid wat die Here ons gee om weer lief te hê as gawe teenoor elkeen en almal opneem!

Ons het medelandgenote, medeburgers, medewerkers en medeondernemers nodig!
Ons wil en gaan dit vir ander wees.

Want ons speel nie vergifnis as magspel in die Naam van Jesus nie, ons is nie God nie. Ons glo dat God deur ons en ander se kwaad goed doen en ons so tot sy voorsienigheid en raadsplan verbind.

Ons het die Heilige Gees ontvang wat die Here deur sy dood en opstanding ontvang het. Ons deel nie in die gees van hierdie wêreldgemeenskap nie. Ons sal julle en julle kinders kos gee.

Moenie ontsteld wees nie. Moenie bang wees nie.

Eksegetiese en preek notas.

- Waarheid sonder verwyte: ek is Josef wat julle verkoop het as slaaf.
- Josef stel sy geloof in God se voorsienige beskikking in die kwaad wat hulle hom wou aandoen.
- Sy geloof maak dat hy sien wat God doen en nie die kwaad wat hulle hom wou aandoen: God het my hierheen gestuur, nie julle nie. Dit gaan oor in wie se bedoeling en beskikking Josef leef. Daarom stel hy gestuur in plaas van verkoop. Hierdie geloofsbelydenis herhaal drie keer.
- Die Egiptiese hofhouding deel in die vreugde van Josef se familie wat uit 'n gewisse dood deur hongersnood gered word.
- Skuld en lyding binne die raad van God is die tema van hierdie gedeelte.